

ELKE BELEGGING HET MAAR SY EIE RISIKO'S



Dawie Roodt—Libertyn, Sondag 19 April 2015

Twee weke gelede het ek in Libertyn geskryf die wêreld se aandelebeurse is baie duur. Om die waarheid te sê, ek het gesê al vier die tradisionele bateklasse – geldmark, kapitaalmark, genoteerde eiendom en gewone genoteerde aandele – is vandag besonder “onaantreklik”.

Sentrale banke is hoofsaaklik verantwoordelik vir hierdie droewige stand van sake. Hulle het rentekoerse afgedruk tot belaglike vlakke wat rentedraende instrumente duur maak en wat daartoe gelei het dat die waarde van ander bates, soos aandele, tot onrealistiese vlakke verhoog is.

Die reaksie op my skrywe was hewig en almal wil nou weet of hulle hul aandele moet verkoop want hier kom mos nou 'n ineenstorting. Daarom het ek dit goedgevind om in vandeeweek se “Libertyn” 'n paar beleggingswenke te gee. Hier volg 'n paar:

Die grootste fout wat beleggers maak, is om altyd eerste te vra wat die verwagte opbrengs op 'n belegging is. Dit is die verkeerde vraag, die eerste vraag moet altyd wees wat is die risiko wat ek as belegger bereid is om te neem.

“Risiko” is 'n moeilike term. Vir 'n beleggingsbestuurder is “risiko” die mate van wisselvalligheid in die prys van 'n bate. So byvoorbeeld, is 'n belegging in 'n piramideskema tegnies 'n laerisiko-belegging omdat die belegging sy waarde op papier behou tot die dag dat dit skielik niks meer werd is nie.

Andersyds kan 'n belegging in 'n aandeel wat deurlopend in waarde toeneem, uit 'n tegniese oogpunt as 'n hoërisikobelegging beskou word omdat die prys daarvan voortdurend verander – selfs al neem dit toe.

Hoewel risiko 'n tegniese betekenis het, sal ek hier van die gewone betekenis van risiko praat – byvoorbeeld, dis 'n groter risiko om in 'n brouery in Irak te belê as om een in Pretoria te begin (veral naby Loftus).

Sekere soorte risiko's kan dus vermy word, ander risiko's kan bestuur word, maar daar is ook die soorte risiko's waarmee ons eenvoudig moet leer saamleef. Markrisiko is só 'n risiko.

Ons neem almal deel aan die mark, of dit nou die aandelebeurs of die mark vir arbeid, woonstelle of koolkoppe is, ons is almal uitgelewer aan “die mark”.

Wanneer die mark “korrigeer”, sal die deelnemers geraak word en is daar absoluut niks wat die individu daaraan kan doen nie. Ons moet almal markrisiko aanvaar, wanneer die mark ineenstort, sal die deelnemers geraak word. Dis 'n gegewe, aanvaar dit!

Die tweede risiko is instellings- (institusionele) risiko. Instellings-risikokan in baie groot mate vermy word. Wanneer jy jou geld aan

iemand toevertrou, is dit jou plig om te verseker dat die instelling aan wie jy jou geld gee, inderdaad vertrou kan word met jou geld. Dis nie slim om jou geld by iemand te belê voordat jy jou daarvan vergewis het dat dit 'n betroubare instelling is nie.

Dis gewoonlik taamlik maklik. Maak seker jou finansiële adviseur is geregistreer by die relevante owerhede, dat hy bekend is, dat hy werk vir 'n betroubare en bekende instelling en so aan.

Doen die nodige navrae, want as jy dit nie doen nie, loop jy onnodige instellingsrisiko en die verkeerde besluit hier is eenvoudig jou eie skuld.

Die laaste belangrike “risiko” is jou persoonlike beleggingsrisiko-aptit – en dis hier waar 'n gesoute adviseur jou kan help.

'n Eenvoudige voorbeeld: 'n -Ouer persoon kan moontlik eerder in rentedraende bates belê as in die aandelebeurs, terwyl 'n jong mens met 'n fris erfporsie eerder in riskanter aandele sou belê. Dit verskil van mens tot mens en almal het verskillende risikoprofiele.

Die proses is dus soos volg:

- Markrisiko: Besef dat jy aan die mark se buie uitgelewer is en niks daaraan kan doen nie. Vergeet van “tydsberekening” en onthou winste of verliese word eers 'n werklikheid wanneer jy jou belegging te gelde maak.
- Instellingsrisiko: Nader 'n goeie adviseur wat aan jou (streng) vereistes voldoen en wat verbonde is aan 'n erkende en betroubare instelling.
- Risikoprofiel – bepaal hoeveel risiko jy kan en wil neem.
- Identifiseer die beleggings wat ooreenstem met jou risikoprofiel.
- Belê, hersien die belegging gereeld en knyp jou oë toe...

Hierdie advies kan verder uitgebrei word om ook batebestuurders en bestuurstyle in te sluit, maar die belegger se eerste stap is om sover moontlik sy risiko te bestuur en te beperk.

Daarom is dit verkeerd om die opbrengste tussen verskillende beleggings te vergelyk sonder dat jy die risiko verbonde aan die beleggings ook met mekaar vergelyk.

Hoewel ek dink die gevaar bestaan dat die finansiële markte skerp kan verswak en dat baie groot verliese in die proses gelyk kan word, weet ek nie wanneer dit gaan gebeur nie. Dit is egter deel van die risiko wat ons nie kan bestuur nie.

Jou plig as belegger is om daardie risiko's wat binne jou beheer is te bestuur en nie om halsoorkop jou portefeulje te gaan verander net omdat iemand in Libertyn gesê het die mark is oorwaardeer nie.

Wat weet hy in elk geval?

 Dawie Roodt is die Hoofekonoom van die Efficient Group. Kontak gerus vir Dawie op dawieroodt@efgroup.co.za

t: +27 (0)12 460 9580 f: +27 (0)12 346 6135 e: info@efgroup.co.za

Delyweg 81, Hazelwood, Pretoria, 0081 Suid-Afrika

www.efgroup.co.za

Volg ons op   

Vrywaring: Alhoewel alle maatreëls getref is om die akkuraatheid van die brosjure-inhoud te verseker, aanvaar die Efficient Group Bpk. geen aanspreeklikheid vir enige weglatings of of foute hierin vervaar nie. Die inhoud van hierdie dokument moet nie as finansiële advies beskou word nie. Efficient Group Bpk. behou die reg om die inhoud van hierdie dokument sonder vooraf kennisgewing te verander.